



EMBETH BOSMAN

30 Maart 1997 – 1 November 2010

*Deur haar ma, Petro Bosman*

*geskryf op 20 Februarie 2011*

ONS dogter is en was net so besonders soos haar naam. Ek sê spesifiek ook *is*, want Embeth leef steeds elke dag voort in ons gedagtes, en ons huis is vol van haar ongelooflike nalatenskap --- haar besonderse sketse, die andersoortige manier waarop sy na die wêreld om haar gekyk het. Salvador Dali was nie verniet haar groot rolmodel as kunstenaar nie!

Ons het Embeth van kleins af geleer om op 'n gesonde manier “buite die boksie” te dink. Natuurlik het ons steeds duidelike, maar liefdevolle grense getrek, want sy was lekker hardkoppig en eiewys, en juis hierdie eienskappe het moontlik ook daartoe gelei dat sy die laaste besluit oor haar eie lewe so finaal deurgevoer het.

Ons het hierdie uiters begaafde, kreatiewe kind van ons op 13 weens depressie verloor. Verlede jaar, op 1 November 2010, het hierdie wrede siekte haar finaal van ons kom wegsteel.

Dit nadat sy ontslaan is ná 'n maand in 'n kliniek, en 'n span hoogs opgeleide en ervare sielkundiges vir ons gesê het sy gaan eendag 'n "oraait grootmens" wees, sy is eintlik net 'n verwarde tiener wat haar eie identiteit probeer vind. Ons het almal so gedink, ja. Dit was toe so maklik om so te dink.

Maar in retrospeksie het ons kind lankal reeds besluit sy wil nie meer aanhou en uithou met hierdie wrede siekte nie. Sy't al lankal begin groet, op haar unieke manier. Haar laaste kunsprojek wat ons die aand van haar weggaan op 'n uitstalling sou sien, hang nou in ons huis. Daarin sê sy vir ons so skreiend, maar so skitterend, wat sy nooit in woorde kon sê nie.

Ons hoor egter nog elke dag haar stem in ons huis. Ons gebruik sêgoed wat sy begin het, en verlang natuurlik dan weer van voor af na ons donkerkop-dogter met die blas vel en die kuiltjie in haar wang. Ons troetel haar liewe spanjoelhond en haar grote gemmerkat, sy het hulle albei self uitgekies. Hulle is nou ál "kinders" wat ons ooit verder sal hê, en ook ietsie van haar. Ons het inderdaad eintlik ons hele toekoms verloor.

Op 30 Maart sou Embeth 14 word. Maar sy het meer voluit geleef as wat baie mense in 400 jaar nie sou kon nie.

Dis moeilik om sonder haar "aan te gaan", want vir ons het die tyd gaan staan. Tog wag die lewe vir niemand nie, al maak dit mens soms magteloos-kwaad. Dis 'n belemmering, maar ook 'n behoud.

Ons moet nou ons eie "memories" skep, sonder die punt van ons hart.

En ons moet veral die dawerende stilte help afbreek wat depressie steeds soos 'n groot, swart jas omvou.

Ons mis jou, Poppedop. Ons hoop jy het werklik nou die vryheid en vrede waarna jy so gesmag het. Het jy gesien ons het vir jou 'n laventelplant – een van jou gunstelingblomme – in 'n heilige hoekie in 'n tuinpote gesit?

Moenie, asseblief nie, ophou teken nie.

Liefde, Mamma en Pappa